# 200. AS DIE MAGTIGE VAN JAKOB

         D                          G           D
1. As die Magtige van Jakob hierdie aarde gaan betree
                                     A
om die nasies in Sy grimmigheid te dors,
        D                            G          D
sal die juigkreet op die lippe van ons vyande verstom –
                       A                D
dis tot redding van Sy volk dat Hy dan kom!

          D
*Refrein:* Prys Yahweh, o huis van Jakob!
            A
Bring Hom eer – Hy is ons Redder!
          D                  G
Loof Sy Naam, Hy's ons verwagting;
        D              A                D
dis tot redding van Sy volk dat Hy weer kom!

         D                          G           D
2. As Hy optrek teen die vyand wat Sy erfdeel wil verslind,
                                           A
wat hul groot hou teen Yahweh en teen Sy volk,
        D                            G                D
sal hul vestings inmekaarstort en hul trotsheid hul verlaat,
                       A                D
want Hy kom om af te wend Sy volk se smaad.

        D                           G                    D
3. As Yahweh ons lot verander sal ons wees soos een wat droom,
                                        A
sal ons tong en mond gevul wees met gejuig.
          D                          G              D
Ons sal water skep met vreugde uit fonteine van Sy heil.
                        A               D
Hy is groot en goed vir dié wat by Hom skuil!